Baie welkom by Wapadrant!
'n Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Wees lief vir mekaar
4 November 2018

Eredienste vandag

08:30 en 10:30	**Rassie Smit**
Teks:	Matteus 13: 44-46
Tema:	Alles of niks
18:30	**Peet Vermeulen**
Teks:	Matt. 77-12
Tema:	Só pak jy uitdagings of nuwe lewensfases

WAPADRANT PRAAT SAAM
VANMIDDAG 17:30 in die kerk: "*Word ons gode of slawe van tegnologie*?"

- Die **DOOP** word VANDAG by die oggend eredienste bedien.
- **NAGMAAL** word op 18 November bedien by al die eredienste.
- **PREEKROOSTER:**

Datum	08:30 en 10:30	18:30
11 Nov	Rassie	Peet

Algemeen

- **Moederskamer:** Slegs ma's met babas tot een jaar oud.
- **Konsistorie:** Babas (1 & 2 jaar) en ouers.
- **Bybels:** In die kerkbanke vir die gebruik deur lidmate en besoekers of gee gerus vir iemand wat dit nodig het.
- **"Neem-en-Deel":** Bybelboekrak in die saal. Volledige besonderhede by die rak oor hoe die projek werk.

Lief en Leed

ONS VRA VOORBIDDING VIR:

- Susan Knoetze wat Dinsdag 'n knievervanging ondergaan.
- Henk Fourie wat sy vrou Joey, Dinsdag aan die dood afgestaan het.
- Rena Tromp wat in Pretoria-Oos hospitaal opgeneem is.

ONS IS BLY SAAM MET:

- Ian en Mart-Marié Coetzee wat vir Megan laat doop.
- Jaco en Tanya van Zyl wat vir Iralie laat doop.
- Piet en Maryke Hoogwerf wat hul tweede kleinkind ryker geword het.
- Hester Veltkamp wat 'n agterkleinkind ryker geword het.
- Pieter en Zelri Heijstek met die geboorte van hul baba dogtertjie.

Die volgende persone word **ter approbasie** aan die gemeente voorgehou. Indien geen beswaar aangeteken word nie, en hulle die roeping opvolg, sal hulle op 18 Nov bevestig word. **As Ouderlinge:** Pieter van der Walt, Mark Daniël, Henricus Verhoef, Bernard vd Merwe
As Diakens: Eben Venter, Elna Verhoef

Kleuterkerk, Laerskool- & Hoërskoolkleingroepe

- **Kleuterkerk 3-6 jariges:** 8:30 in Kleuterlokaal
- **Laerskool Kleingroepe (Gr 1 - 6):** 9:30 in hul onderskeie lokale
- **Hoërskool Kleingroepe (Gr 7 - 12): Afgesluit**

Diensgroep- en Gemeente aktiwiteite

http://www.wapadrant.co.za/diensgroep-en-gemeente-aktiwiteite.html

- **Senior Bybelstudie:** Dinsdag 09:00. Peet gesels oor Joël 2.
- **Vroue Bybelstudie:** Dinsdag 09:00.
- **Manne Bybelstudie:** Woensdag 5:30 in Toringkamer 2.
- **Borg-'n-Bybelprojek**. Onthou om vol houertjies in die gemerkte houer te plaas.

"Weesouers" ondersteun mekaar! Al die Pa's en Ma's wie se kroos oorsee bly kuier lekker saam. Bring en Braai by die kerk, 10 Nov 2018 om 16:00. RSVP 8 Nov. Kontak Celia by

Stoepkuier: Lidmate van 65Plus word hartlik uitgenooi om op 14 Nov. gesellig te verkeer op Peet en Lacia se stoep. Daar is plek vir 10 persone. Bevestig jou teenwoordigheid so gou moontlik by Sonia 0828071698.

60-Plusser-Jaareindfunksie: Hou 27 November oop! Ons hou piekniek om 10:00 onder die bome op die kerkterrein. RSVP teen 22 Nov by die kerkkantoor by 012 9911395

Basaar 2 Maart 2019 Laat die fees begin! Skryf jou naam op by die stalletjie waar jy betrokke wil raak. Intussen kan jy solank Wit Olifante, leë houers en lekkergoedskenkings kerk toe bring

Laerskoolkleingroepe het op 11 Nov. 'N R5-muntlegging om die Borg-'n-Bybelprojek te ondersteun.

EREDIENSTYE OPNAME. Voltooi die opname teen **8 Nov**. Kies een van die volgende metodes :
1. Gebruik 'n QR-kode leestoep.
2. Besoek https://goo.gl/forms/Dur8bDtTFAbafb503S
3. Voltooi 'n papiervraelyste (op die tafel in die portaal en plaas in houer.

G015 neem elke Desember 'n **kospakkie** (2,5kg meel, 2kg suiker, 2 blikkies groente, 2,5kl suiker, 750ml olie ter waarde van R100) asook 'n volledige **Kers-ete** na 100 gesinne in **Danville**. Gebruik Wapadrant se SnapScan (op agterblad van GPS) met beskrywing "Danville" om jou donasie te maak. Helene Tollig 0839477835.

Liefdegawes 2018 (Kollekte tydens eredienste)

- **Twee derdes vir verdienstelike Sake Binne Gemeente:** Wapadrant Diakonie (vir o.a. behoeftige lidmate wat ondersteuning ontvang).
- **Een derde vir verdienstelike Sake Buite Gemeente:** Admin Buro en andere.